Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 21 MEI 2014 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl
Rdl W Wilskut

Ander raadslede:
Rdh N J A Rust

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Rdh N J A Rust open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

3.1 VOORLEGGING DEUR RUMBOLL EN VENNOTE AANGAANDE DIE WYSIGINGS AAN DIE RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK VAN SWARTLAND MUNISIPALITEIT
[Item 7.19 verwys.]

Die Swartland Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk is instrumenteel in besluitneming rondom grondgebruiksbestuur en grondontwikkeling. Dit is dus uiters belangrik om hierdie dokument deurentyd te hersien na gelang van die veranderde omgewing waarbinne die munisipaliteit sy besigheid rakende ekonomiese ontwikkeling hanteer.

Die konsultant, C K Rumboll en Vennote, me I Jordaan, is na die vergadering genooi om die hersiening/aanpassingsproses aan die komitee voor te hou, wat die volgende behels:

(a) Opstel van addendums bykomend tot die huidige dokument, naamlik:
- Prioriteit aksieplanne
- Hidrologie
- Hernieubare Energie
- Voortrekkerstraat Precinct
- Yzerfontein Alternatiewe Gebruike

3.1(a)/…

- Demografiese profiel
- Minimum erfgroottes

(b) Aanpassing van grondgebruiksvoorstelle ten opsigte van grootmaat infrastuktuur, aktiwiteitstrate en beperkte wysiging aan ontwikkelingsvoorstelle
(c) Eskom oorhoofse kragnetwerk
(d) N7 belyning asook die R45/46 verbindingspad
(e) Belyning met omliggende munisipaliteite.

BESLUIT

(a) Dat die hersiening/wysiging van die Swartland Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk ingevolge die Munisipale Stelselswet, Wet 32 van 2000 in beginsel aanvaar word;

(b) Dat die inhoud van die hersiening/wysiging met verwysings na paragrawe (a) tot (e) hierbo deur middel van ‘n publieke deelname proses aan alle rolspelers gekommunikeer word;

(c) Dat, indien dit na die publieke deelname proses blyk dat daar sekere tekortkominge mag wees, dit ondersoek en waar moontlik aangespreek word.

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN ’N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 9 APRIL 2014

BESLUIT

Dat die notule van ’n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 9 April 2014 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU 14 MEI 2014

[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN ’N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 14 MEI 2014

5.1.1 ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig, onderhewig aan die volgende wysiging –

ITEM 7.7: VOORGESTELDE HERSONERING EN ONDERVERDELING VAN ERF 298, RIEBEEK KASTEEL (15/3/3-11, 15/3/6-11) (WYK 12)
[ter vervanging van paragraaf]

C4 STRATE/...

5.1.3/...

C4 STRATE

(a) dat die ontwikkelaar verantwoordelik sal wees vir die opgradering van die interne straat van die ontwikkeling, sowel as Pieter Kruythofstraat tot ‘n permanente oppervlak standaard en wydte soos bepaal deur die professionele persoon;

(b) dat die professionele persoon toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 aangestel word om die interne straat te ontwerp. Die ontwerp moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir goedkeuring voorgelê word, waarna die konstruksiewerk onder die toesig van die professionele persoon aangebring moet word.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

6.1 NOTULE VAN ‘N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 14 MEI 2014

6.1.1 ITEM 7.6: AANSOEK OM AFWYKING OP ERF 4464, MOORREESBURG (15/3/4-9) (WYK 2)

Aansoek word gedoen vir 'n afwyking op 'n gedeelte van erf 4464 (groot ±12m²), geleë te Kiaatstraat, Moorreesburg ten einde 'n huiswinkel vanuit 'n gedeelte van die bestaande woonhuis te bedryf.

BESLUIT

A Dat die aansoek vir ‘n vergunningsgebruik op erf 4464 (groot ±12m²), Moorreesburg ingevolge Artikel 7, Hoofstuk 14.4.2 van die Swartland Geïntegreerde Soneringskemaregulasies van Ordonnansie 15 van 1985 vir ‘n huiswinkel, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat die vergunningsgebruiksregte beperk word tot die bestaande eienaar van die eiendom en dat sodanige regte sal verstryk indien die betrokke eienaar die eiendom ontruim;

(b) dat die nodige bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;

(c) dat die nodige aansoek om oprigting van advertensietekens aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word. Dat slegs een teken wat nie groter as 1m² in oppervlakte is nie, en wat aan die muur van die woonhuis of buitegebou vas is, toegelaat sal word, en geen gedeelte daarvan mag die erfgrense oorskry nie, terwyl die teken slegs die naam van die eienaar, naam van die besigheid en aard van die kleinhandelbesigheid mag aandui;

(d) dat nie meer as drie persone, insluitend die bewoner van die woonhuis, by die sake-aktiwiteite van die huiswinkel op die grondeenheid betrokke mag wees nie;

(e) dat die huiswinkel nie onderverhuur mag word nie;

(f) dat die goedkeuring vir die bedryf van die huiswinkel aan die eienaar (mnr Amed Usman Asefa) toegestaan word en is dit nie oordraagbaar nie;

(g) dat die nodige maatreëls in die voorkoming van knaagdiere en insekte getref moet word;

(h) dat die vloer van die huiswinkel skoon en higiënies gehou word;

(i) dat slegs vooraf verpakte en verseëlde voedselware verkoop mag word;

(j) dat geen voedsel voorbereiding binne die huiswinkel mag plaasvind nie;

(k) die volgende word nie in ‘n huiswinkel toegelaat nie:

(i) verkoop van wyn en alkoholiese drank
(ii) stoor of verkoop van gas en gashouers
(iii) muntmasjiene
(iv) video speletjies
(v) snoeker- en potspeltafels;

(l) dat die eienaar by die Departement van Ontwikkelingsdienste vir die nodige handelslisensie aansoek moet doen;

6.1.1/...

(m) dat die eienaar aansoek doen by die Weskus Distriksmunisipaliteit vir ‘n geskiktheidsertifikaat;
(n) dat ‘n emmer met sand binne die huiswinkel vir brandbestryding voorsien word;
(o) dat hierdie goedkeuring binne die huiswinkel vertoon word;
(p) dat die beswaarmakers van hierdie besluit in kennis gestel word en dat hul nie ‘n reg tot appèl het nie;

A2 WATER

(a) dat die huiswinkel van die bestaande enkele wateraansluiting gebruik maak en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A3 RIOOL

(a) dat die huiswinkel van die bestaande enkele rioolaansluiting gebruik maak en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A4 VULLISVERWYDERING

(a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir die wooneenheid en besigheid gehef word, en in die geval van die besigheid sal die tarief aangepas word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;
(b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie op oggend van verwydering geplaas word;

A5 ELEKTRISITEIT

(a) dat die Departement: Finansiële Dienste in kennis gestel word sodat die elektriese tarief aangepas kan word;

B Die aansoek word ondersteun vir die volgende redes:

(a) Die aansoek is versoenbaar met die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk soos van toepassing op Moorreesburg;
(b) Die voorgestelde huiswinkel voldoen aan die voorskrifte soos van toepassing op huiswinkels in die Swartland Geïntegreerde Soneringskemaregulasies.

7. NUWE SAKE

7.1 FINANSIËLE VERORDENINGE EN –BELEIDE (1/1)

Die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan en die Meerjarige Begroting vir die 2014/15, 2015/16 en 2016/17 finansiële jaar het op 14 Mei 2014 voor die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gedien vir aanbeveling aan die Raad op 29 Mei 2014.

Die finansiële verordeninge en –beleide word as deel van die begrotingsdokumentasie gesien, en moet derhalwe ook op 29 Mei 2014 saam met die begroting voor die Raad dien.

BESLUIT

Dat die volgende verordeninge en beleide aanbeveel word aan die Raad vir goedgekeuring op 29 Mei 2014, naamlik:

(1) Wysiging van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid (item 7.2 verwys)
(2) Wysiging van die Voorkeurverkrygingsbeleid (item 7.3 verwys)
(3) Hersiening van Batebestuursbeleid (item 7.4 verwys)
(4) Tariefverordening en –beleid
(5) Eiendomsbelastingsverordening en –beleid
(6) Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsverordening en –beleid.

7.2/...

7.2 WYSIGING VAN VOORSIENINGSKANAALBESTUURSBELEID (6/1/2/B)

Die Voorsieningskanaalbestuursbeleid is sedert 1 Januarie 2006 inwerking en moet jaarliks hersien word en, indien nodig, gewysig word.

'n Assessering deur die Provinsiale Tesourie gedurende 2013, sowel as nuwe omsendskrywes wat deur die Nasionale Tesourie uitgereik is, het tot gevolg dat die beleid gewysig moet word.

BESLUIT

Dat die voorgestelde wysigings aan die *Supply Chain Management Policy* aanbeveel word vir goedkeuring deur die Raad op 29 Mei 2014 effektief vanaf datum van goedkeuring.

7.3 WYSIGING VAN VOORKEURVERKRYGINGSBELEID (6/1/2/B)

Die Raad het in Mei 2012 'n nuwe Voorkeurverkrygingsbeleid aanvaar om die beleid in lyn te bring met die *Preferential Procurement Regulations, 2012*.

Die assessering deur die Provinsiale Tesourie in 2013, nuwe omsendskrywes vanaf Nasionale Tesourie, sowel as gewysigde *Codes of Good Practice* ingevolge die *Broad-Based Black Economic Empowerment Act of 2003* het veroorsaak dat daar wysigings aan die beleid aangebring moet word.

BESLUIT

Dat die voorgestelde wysigings aan die *Preferential Procurement Policy* aanbeveel word vir goedkeuring deur die Raad op 29 Mei 2014 effektief vanaf datum van goedkeuring.

7.4 HERSIEN BATEBESTUURSBELEID

Die Direkteur: Finansiële Dienste hou die wysigings voor aan die Batebestuursbeleid, onder andere dat die kapitalisasie-drempel verhoog vanaf R300 na R500.

BESLUIT

Dat die voorgestelde wysigings aan die *Asset Management Policy* aanbeveel word vir goedkeuring deur die Raad op 29 Mei 2014 effektief vanaf 1 Julie 2014.

7.5 VOORLEGGING VAN KONSEP VERORDENINGE RAKENDE WATERVOORSIENING, SANITASIEDIENSTE EN NYWERHEIDSUITVLOEISEL, ASOOK DIE HERROEPINGSVERORDENING (1/1)

Voormelde verordeninge vorm deel van die projek om verskeie verordeninge van Swartland Munisipaliteit te hersien, sowel as die herroeping van verordeninge van voormalige afgeskafte munispaliteite ten einde te beskik oor 'n stel toepaslike verordeninge en beleide.

'n Advertensie ten opsigte van die voorneme om die verordeninge aan te neem was op 22 April 2014 in verskeie media geplaas en teen die sluitingsdatum van 14 Mei 2014 is geen kommentare/besware ontvang nie.

BESLUIT

Dat die verordeninge rakende Watervoorsiening, Sanitasiedienste en Nywerheids-uitvloeisel, asook die Herroepingsverordening aanbeveel word vir aanname deur die Raad op 29 Mei 2014 vir inwerkingtreding op die datum van publikasie in die Provinsiale Koerant.

7.6 AANVAARDING VAN NUWE BELEID OOR OPVOEDING, OPLEIDING EN ONTWIKKELING EN HERSIENING VAN VERSKEIE BELEIDE (4/6/B; 4/2/B; 4/8/B)

'n Volledige proses ter hersiening van verskeie beleide en aanvaarding van die nuwe beleid is met vakbonde en betrokke amptenare gevolg.

7.6/...

Tydens die Arbeidsverhoudingeforumvergaderings van 13 Maart en 10 April 2014, is die beleide bespreek en het beide SAMWU en IMATU die nuwe beleid, sowel as gewysigde beleide aanbeveel.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die proses wat gevolg is en beide SAMWU en IMATU se betrokkenheid by die proses;

(b) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte nuwe Beleid oor Opvoeding, Opleiding en Ontwikkeling goedkeur vir implementering met ingang van 1 Junie 2014;

(c) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte hersiende Verlofbeleid goedkeur vir implementering met ingang van 1 Junie 2014;

(d) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte Alkohol- en Dwelmbeleid en Prosedure goedkeur vir implementering met ingang van 1 Junie 2014;

(e) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte hersiende Aanstellingsbeleid goedkeur vir implementering met ingang van 1 Junie 2014;

(f) Dat kennis geneem word dat die gewysigde delegasies wat voortspruit uit die wysiging van die betrokke beleide einde Mei 2014 aan die Raad voorgelê word as deel van die Delegasieregister.

7.7 KONSEP KOMMUNIKASIESTRATEGIE 2014-2017 (6/2/2/B)

Die 2012-2017 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) maak in Hoofstuk 7, onder Strategiese Uitkoms 2 (*Satisfied, involved and well informed clients*) voorsiening vir die formulering en implementering van ‘n Kommunikasiestrategie en -Plan.

Die aangehegte konsep strategie is opgestel uit insette wat bekom is vanuit verskillende inisiatiewe die afgelope paar maande, die Schutte-evaluering, asook ‘n interne werkwinkel gehou met raadslede en senior- en middelvlakbestuur gedurende 2013.

Die termyn van die strategie sal saamloop met die oorblywende gedeelte van die 2012-2017 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan, en sal ook – soos die GOP – jaarliks hersien word. Kommunikasie-aksieplanne moet ook jaarliks uit hoofde daarvan opgestel word, en oor verslag gedoen word by die Provinsiale Regering.

BESLUIT

(a) Dat die aangehegte konsep Kommunikasiestrategie in beginsel goedgekeur word vir implementering met ingang vanaf 1 Julie 2014, onderhewig daaraan dat raadslede en werknemers die geleentheid gebied word om insette te lewer of voorstelle te maak rakende die inhoud van die strategie, ten einde dit gedurende Junie 2014 vir finale goedkeuring aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee te kan voorlê;

(b) Dat daar weer eens kennis geneem word dat kommunikasie die funksie is van almal by die Munisipaliteit, en dat sowel die Uitvoerende Burgemeester, raadslede (veral wyksraadslede) en werknemers gesamentlik verantwoordelik is om in te koop by die Kommunikasiestrategie, en spesifiek die opstel van Aksieplanne wat daaruit voortspruit;

(c) Dat werksessies met senior- en middelvlakbestuurders van die onderskeie direktorate gehou word, hetsy individueel of gesamentlik, om die Kommunikasie-aksieplan vir 2014/15 op te stel, in die formaat (Aanhangsel C tot die strategie) wat deur Provinsie voorgeskryf word;

(d)/...

7.7/...

(d) Dat goedkeuring verleen word dat die gekonsolideerde 2014/15 Kommunikasie-Aksieplan aan die Munisipale Bestuurder voorgelê sal word vir goedkeuring, en daarna vir kennisname aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee;

(e) Dat die Munisipale Bestuurder volmag verleen word om 'n taakspan saam te stel, verteenwoordigend van al die direktorate, om die hersiening van die jaarlikse Aksieplan op 'n kwartaallikse basis te behartig;

(f) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste opdrag gegee word om prestasie-indikatore, gebaseer op die Kommunikasiestrategie te formuleer in oorlegpleging met die Strategiese Bestuurder, wat minstens sal insluit die toewysing van verantwoordelikhede met betrekking tot die volgende:

- die opstel van kommunikasieverwante beleide (Direkteur: Korporatiewe Dienste)
- die opstel van 'n jaarlikse Kommunikasie-aksieplan (alle direkteure)
- kwartaallikse verslagdoening, in voorgeskrewe formaat, insake kommunikasie-aktiwiteite (alle direkteure)
- jaarlikse hersiening van die Kommunikasiestrategie in samehang met die GOP hersieningsproses (reeds vervat in Prestasiebestuurstelsel, Hoofstuk 7 GOP as verantwoordelikheid van die Direkteur: Korporatiewe Dienste).

7.8 RAMPBESTUURPLAN VIR SWARTLAND (17/5/1/1)

Die Weskus Distriksmunisipaliteit het in 2013 'n eksterne diensverskaffer aangestel om die ramprisikos vir die Weskusarea (insluitend die Swartland munisipale area) te identifiseer, wat insluit:

- veldbrande
- droogte
- hoë seedeings
- aardbewings
- padongelukke
- sosiale konflik.

Die Direkteur: Beskermingsdienste het die Rampbestuursplan (apart gesirkuleer) in totaliteit hersien, ten einde die genoemde risikos te akkommodeer.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die Rampbestuursplan, asook die instemming van al die departemente om as deel van hul daaglikse take aandag te gee aan ramprisiko-vermindering (*risk reduction*);

(b) Dat die Rampbestuursplan vir die Swartland munisipale area goedgekeur word, met die onderneming dat die plan jaarliks hersien sal word om te verseker dat die inhoud altyd relevant en op datum is;

(c) Dat, soos voorgeskryf deur die Rampbestuurswet, 'n afskrif van die goedgekeurde plan aan die Weskus-, die Provinsiale-, asook die Nasionale Rampbestuursentrum voorsien word;

(d) Dat die Departement: Beskermingsdienste departementele werksessies reël om die Rampbestuursplan onder die aandag van personeel te bring.

7.9 SWARTLAND MUNISIPALITEIT/ROOIHEUWEL *JOINT VENTURE (RJV):* OOREENKOMS INSAKE DIE BENUTTING VAN GESUIWERDE RIOOLWATER (K6/1)

'n Tender is op 15 Augustus 2006 aan Rooiheuwel *Joint Venture* (RJV), wat die plase Constantia, Rheeboksfontein, Rooidraai Boerdery en Eenfontein insluit, toegeken vir die benutting van oortollige gesuiwerde rioolwater.

In die onlangse verlede het daar talle gesprekke plaasgevind met verteenwoordigers van RJV, en is daar ooreengekom op die sluiting van 'n addendum tot die hoofooreenkoms.

7.9/...

Die sake wat deur die addendum gedek word, word volledig in die verslag toegelig, onder andere:

(a) dat die Munisipaliteit die diskresie het om die hoeveelheid gesuiwerde water wat beskikbaar gestel word te bepaal;
(b) 'n omskrywing vir 'PPI', oftewel die Produksieprysindeks, met die oog op tariefeskalasies in die toekoms;
(c) dat daar 'n opsie is om die ooreenkoms vir 'n verdere tydperk van 20 jaar te mag hernieu, onderhewig daaraan dat RJV sy verpligtinge onder die hoofooreenkoms nakom.
(d) dat RJV aanspreeklikheid aanvaar vir:
    (1) die bedryf, op eie koste, van sowel die Munisipale Waterwerke en die RJV Waterwerke, soos omskryf in die hoofooreenkoms;
    (2) die betaling van elektriese aansluitingskoste en elektrisiteitsverbruik; asook
    (3) vir die onderhoud, hernuwing en vervanging, wanneer nodig, van gemelde Waterwerke,
(e) die herberekening van die tariewe betaalbaar deur RJV, soos volledig omskryf in klousule 6 van die addendum, wat volg uit die feit dat RJV die onderhoud en instandhouding van die gemelde Waterwerke oorneem.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die inhoud van hierdie verslag;

(b) Dat die optrede van die Munisipale Bestuurder om die addendum tot die hoof-ooreenkoms tussen die Munisipaliteit en RJV (Rooiheuwel *Joint Venture*) rakende die benutting van gesuiwerde rioolwater te onderhandel en te onderteken, gekondoneer word.

7.10 OUDIT VAN KERKPERSELE TE MALMESBURY EN CHATSWORTH (12/2/5/2-8/4; 12/5/5/2-2/2)

Die Raad het oor die jare heen 'n aantal kerkpersele te Malmesbury en een perseel te Chatsworth per tender aan kerkinstansies verkoop vir die oprig van huise van aanbidding.

Die standaard koopooreenkoms bevat 'n klousule wat bepaal dat die koper binne drie (3) jaar van datum van aankope 'n gebou met 'n bepaalde oprigtingskoste moet oprig, by gebreke waartoe die eiendom weer aan die Raad terugval teen betaling deur die munisipaliteit van die oorspronklike koopprys aan die koper.

Nadat die aanvraag vir kerkpersele in die onlangse tyd geweldig toegeneem het, veral in die Wesbank / Ilinge Lethu area is besluit om die terugvalklousule te toets.

Die *status quo* ten opsigte van die verskillende kerkpersele word in **Aanhangsel A** onder die Kommentaar-kolom toegelig, en vereis dat daar ten opsigte van elke perseel oor die aangewese aksies beslis sal moet word.

BESLUIT

(a) Dat goedkeuring verleen word vir die volgende aksies om deur die Departement Korporatiewe Dienste onderneem te word:

Erf 1196, Chatsworth	Die eienaar tot 31 Desember 2014 die geleentheid gebied word om bouplanne in te dien, by versuim waartoe stappe gedoen sal word om die eiendom ten bedrae van R30 000, BTW uitgesluit terug te koop.
Erf 1504, Riebeek-Wes	Die eienaar tot 31 Desember 2014 die geleentheid gebied word om bouplanne in te dien, by versuim waartoe stappe gedoen sal word om die eiendom ten bedrae van R20 000, BTW uitgesluit terug te koop.
Erf 3427, Darling	Verdere ondersoek hier ingestel te word, vir terugvoering aan die UBK.

7.10(a)/…

Erf 8650, Ilinge Lethu	Stappe van stapel gestuur word om die eiendom terug te koop ten bedrae van R8 280,00, BTW uitgesluit. Stappe ook gedoen te word om die sloping van strukture daarop te bewerkstellig met die hulp van die Boubeheerafdeling.
Erf 8895, Ilinge Lethu	Die eienaar tot 31 Desember 2014 die geleentheid gebied word om bouplanne in te dien, by versuim waartoe stappe gedoen sal word om die eiendom ten bedrae van R6 130, BTW uitgesluit terug te koop.
Erf 7447, Ilinge Lethu	Daar weer gepoog word om die eienaar op te spoor, by gebreke waartoe die terugkoop van die erf ten bedrae van R8 615, BTW uitgesluit geïnisieer sal word.
Erf 9111, Malmesbury	Die reg ingevolge die terugvalklousule hier uitgeoefen word om die erf ten bedrae van R14 060, BTW uitgesluit terug te koop.
Erf 8708, Malmesbury	Die eienaar tot 31 Desember 2014 die geleentheid gebied word om bouplanne in te dien, by versuim waartoe stappe gedoen sal word om die eiendom ten bedrae van R6 635, BTW uitgesluit terug te koop.
Erf 6352, Ilinge Lethu	Vordering met bouwerk gemonitor te word.
Erf 7805, Malmesbury	Vordering met bouwerk gemonitor te word.
Erf 7471, Malmesbury	Geen stappe nodig (verwys UBK-besluit van 13 November 2013)

(b) Dat die Munisipale Bestuurder met volmag beklee word om, indien enige van bogemelde denominasies om uitstel versoek en daar na sy mening genoegsaam meriete daarvoor is, vir ‘n redelike periode uitstel te mag verleen aan sodanige eienaar/s om prestasie ingevolge die koopooreenkomste te kan bewerkstellig;

(c) Dat die uitgawes wat met die terugkoop van die erwe gepaardgaan, verrreken word teen posnommer 50-80-69-00-6850 *(Not sold property held for resale)*;

(d) Dat die eiendomme wat die Raad terugval weer as kerkpersele te koop aangebied sal word by wyse van tender en ontwikkelingsvoorstelle, met dien verstande dat die goedkeuring vir sodanige vervreemdingsaksies van die Raad verkry sal word.

7.11 VOORGESTELDE VERHURING VAN ’N GEDEELTE (GROOT ±22 M^2) VAN DIE ILINGE LETHU THUSONG SENTRUM (12/1/3/1-8/1)

Die Departement van die Premier, Wes-Kaap, is in die proses om ICT (*Information and Communication Technology*) sentrums in die Wes-Kaap te vestig as deel van hul sogenaamde *Cape Access Programme*.

‘n Gedeelte (groot ongeveer 22m²) by die Ilinge Lethu Thusong Sentrum sal beskikbaar gestel word vir aanwending as ICT-sentrum of sogenaamde *e-centre*. By die Sentrum sal die publiek toegang tot die Internet kan verkry via enige van die twaalf rekenaars wat reeds daar geïnstalleer is.

BESLUIT

(a) Dat goedkeuring verleen word dat ‘n gedeelte van die Ilinge Lethu Thusong Sentrum, groot ±22m² in totaal, verhuur word vir aanwending as ICT-sentrum ten behoewe van die publiek;

(b) Dat goedkeuring verleen word aan die Direkteur: Korporatiewe Dienste om (ingevolge gedelegeerde bevoegdheid) die aangehegte konsep huurooreenkoms met die Departement van die Premier, Wes-Kaap en *Library Business Corners* (wat die finansies van die *Cape Access Programme* behartig) te sluit met ingang vanaf 1 Junie 2014 vir ‘n periode van drie jaar, teen huurgeld ten bedrae van R990,00 per maand, BTW uitgesluit;

7.12/...

7.12 AFKSRYWING VAN SKULD MEI 2014: DEERNISHUISHOUDINGS TEN BEDRAE VAN R1,437,270-34 (5/7/1/1/MY)

BESLUIT

Dat die item terugverwys word ten einde geleentheid te gee om die afskryflyste met lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee te werkwinkel en dat die werklike bedrag afgeskryf vir kennisname aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê sal word.

7.13 AFSKRYWING VAN SLEGTE SKULDE – TOTAAL WERKLIK AFGESKRYF (5/7/1/1/MY)

'n Opsomming van die afskryflyste is op 12 Maart 2014 aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê en is die bedrag van R260 596,12 (BTW ingesluit) vir afskrywing aanbeveel.

BESLUIT

Dat kennis geneem word dat die werklike bedrag wat afgeskryf is, 'n bedrag van 260 764,08 (BTW ingesluit) beloop.

7.14 UITSTAANDE DEBITEURE – APRIL 2014 (5/7/1/1/MY)

'n Volledige verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die tydperk April 2014 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir April 2014.

7.15 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

'n Verslag aangaande die uitstaande versekeringseise moet ingevolge die Batebestuursbeleid maandeliks aan die Uitvoerende Burgemeester voorgelê word.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die die aantal uitstaande versekeringseise, sowel as die kommentaar daarop;

(b) Dat verder kennis geneem word van die opsomming van die eise-geskiedenis ten opsigte van die 2013/2014 finansiële jaar, soos voorgelê deur die Direkteur: Finansiële Dienste.

7.16 VOORRAADOPNAME – 2014 (4/1/1/2/1)

Die jaarlikse voorraadopname vir die hoof magasyn en skryfbehoefte stoor op Malmesbury, sowel as die elektriese stoor op Moorreesburg, vind plaas op 24 Junie 2014.

BESLUIT

Dat rdle R F van der Westhuizen en W Wilskut (rdh M S I Goliath as sekunde) aangewys word om die voorraadopname op 24 Junie 2014 waar te neem, en dat daar stiptelik om 09:00 by die hoof magasyn te Malmesbury aangemeld word.

7.17 DIE THUSONG SENTRUM MODEL (17/2/2)

Die verslag word onttrek om via die wykskomitees aan die Portefeuljekomiteesvergadering van 4 Junie 2014 voor te lê.

7.18/...

7.18 MUNISIPALE BEHUISINGSPYPLYN INGEVOLGE DIE RAAD SE MENSLIKE NEDERSETTINGSPLAN (17/4/2/B-MY)

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 23 Januarie 2013 die Raad se Behuisingspyplyn goedgekeur.

Die DORA toekenning vir die volgende drie jaar wyk egter af van die goedgekeurde behuisingspyplyn wat ingevolge die meerjarige begroting opgestel is. Behuisingsprojekte sal derhalwe aangepas moet word om binne die DORA-allokasie en begroting te bly, en die Behuisingspyplyn moet noodgedwonge gewysig word.

Hierdie toedrag van sake belemmer beplanning en plaas die munisipaliteit in 'n baie moeilike posisie, deurdat inligting bekend gemaak word aan die publiek, wat dan later teruggetrek moet word.

BESLUIT

(a) Dat die aangepaste Behuisingspyplyn, aangeheg tot hierdie verslag, deur die Uitvoerende Bugemeesterskomitee aanvaar word;

(b) Dat die uitvoering van die projekte soos voorgestel in die plan onderworpe is aan die beskikbaarheid van fondse en grootmaatdienste binne die onderskeie dorpe;

(c) Dat gegewe Swartland Munisipaliteit se DORA-allokasies, asook die behoefte vir behuisingsprojekte en die groei in die munisipale area, die Departement van Nedersettings versoek moet word om Swartland Munisipaliteit se DORA-allokasie te verhoog ten einde uitvoering te gee aan die beplande projekte, aangesien die behuisingsbehoefte tans ±15 350 is;

(d) Dat, indien addisionele fondse verkry word, daar in die 2014/2015 finansiële jaar met die Abbotsdale (FLISP), Abbotsdale Social Development Project en Phola Park (PHP) behuisingsprojek 'n aanvang geneem word, andersins sal die Abbotsdale projek aangeskuif word na die 2015/2016 finansiële jaar en die Phola Park projek na die groter Malmesbury projek in die 2017/2018 finansiële jaar;

(e) Dat kennis geneem word dat die bestaande subsidie bedrag met ingang van 1 April 2014 verhoog is na R160 000 per huis wat gaan meebring dat minder huise in die toekoms gebou gaan wod gegewe Swartland Munisipaliteit beskikbare DORA-allokasies;

(f) Dat die Burgemeesterskomitee sy misnoeë uitspreek teenoor die eensydige wysiging van meerjarige begrotings vanaf die betrokke Provinsiale Departement aan munisipaliteite, en dat Swartland Munisipaliteit derhalwe op 'n dringende basis met die betrokke departement in gesprek tree in 'n poging om addisionele fondse te bekom.

7.19 HERSIENING: SWARTLAND RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK (15/1/4/1)

Item 3.1 verwys.

7.20 VASSTELLING VAN KAPITAAL ONTWIKKELINGSBYDRAES (15/1/B)

Die vasstelling van kapitaal ontwikkelingsbydraes word jaarliks hersien ten einde aan te pas by toepaslike beleide en die veranderde omstandighede van die munisipale gebied.

In die verslag word melding gemaak dat die tarief vir grootmaat watervoorsiening deur die Weskus Distriksmunisipaliteit vir die 2013/2014 finansiële jaar verkeerd aangedui was, maar dat dit wel korrek gehef was.

BESLUIT/...

7.20/...

BESLUIT

(a) Dat die verhaling van ‘n bedrag van R10 795,80 (BTW ingesluit) vir grootmaat watervoorsiening sedert 1 Julie 2013, teenoor die bedrag van R9 815,40 (BTW ingesluit), soos aangetoon in die kapitaalontwikkelingsbydraeskedule van Malmesbury “Greenfields” en Riebeek Vallei, gekondoneer word en genoemde skedules terugwerkend vanaf 1 Julie 2013 reggestel word;

(b) Dat die aangehegde kapitaalontwikkelingsbydraes vir die finansiële jaar 2014/2015 aanvaar word:
   (i) “Greenfields” kapitaalontwikkelingsbydraes – Malmesbury (Aanhangsel I)
   (ii) “Brownfields” kapitaalontwikkelingsbydraes – Swartland Munisipale Gebied (Aanhangsel II)
   (iii) Kapitaalontwikkelingsbydraes – Riebeek Vallei (Aanhangsel III)

(c) Dat daar vir die 2014/2015 finansiële jaar ‘n rabat van 50% as insentief ten opsigte van alle kapitaalontwikkelingsbydraes aan alle ontwikkelaars toegestaan word;

(d) Dat elke ontwikkelaar se spesifieke en unieke kapitaalbydraes, bepaal word deur die berekening van werklike koste-kapitaalbydraes, asook die vaste koste-kapitaalbydraes soos van toepassing op daardie ontwikkeling en dat elke ontwikkelaar ingevolge Artikel 42 van LUPO skriftelik moet onderneem om dit te betaal.

7.21 HEFFING VAN ADDISIONELE BOUPLANGELDE (15/4/B)

’n Regspraak (*Radius Project (Pty) Ltd v City of Tshwane Metropolitan and Another*) is onder die aandag van die Munisipaliteit gebring waarin bepaal word dat munisipaliteite slegs werklike koste as addisionele bouplangelde kan hef.

Die regspraak is bespreek met die Raad se regsverteenwoordiger van Terblanche Slabber Pieters. Die advies wat ontvang is behels dat Swartland Munisipaliteit ‘n addisionele bouplangelde-tariefstruktuur vir ongemagtigde bouwerk ontwikkel wat gebaseer is op werklike koste. Dit is werklike koste gebaseer op spesifieke take wat verrig word in die hantering van ongemagtigde bouwerke.

Die spesifieke take is opgedeel in 3 stappe tewete :

Stap1 :
- Invoer van klagte rakende ongemagtigde bouwerk op elektroniese stelsel
- Terreininspeksie (Stadsbeplanning (SB) en Boubheer (BB))
- Raadpleeg/Vergelyk van alle rekords (SB & BB)
- Saamstel van skrywe met korrekte detail (SB & BB)
- Administratiewe handeling
- Posgelde
- **Die werklike koste behels : R1 945,00**

Stap 2 :
- Opvolg op skrywe gelewer/Inspeksie (SB & BB)
- Finale skrywe (SB & BB)
- Administratiewe handeling
- Posgelde
- **Werklike koste behels : R1 425,00**

Stap 3 :
- Oorhandiging aan regsdienste, intern/ekstern (SB & BB)
- Administratiewe handeling
- **Werklike koste R960,00**

Die tariefstruktuur ten opsigte van ongemagtigde bouwerk sal slegs van toepassing wees indien ‘n eienaar nie binne die voorgeskrewe tydperk reageer nie, soos vermeld in die skrywe waarin hy versoek word om die nodig bouplanaansoek in te dien. Met ander woorde die oomblik wanneer stap 2 inwerking tree is die werklike koste van stap 1 en stap 2 van toepassing.

7.21/...

Stap 3 se koste sal tesame met stappe 1 en 2 verhaal word, na afhandeling van stap 3.

BESLUIT

(a) Dat goedkeuring verleen word dat die werklike koste tariefstuktuur vir ongemagtigde bouwerk in die Raad se tarieweleêr vir 2014/2015 opgeneem word, naamlik –
- Stap 1 en 2 = R3 390,00
- Stap 3 = R960,00

(b) Dat 50% van hierdie werklike koste tariefstruktuur op ondergeskikte bouwerke van toepassing sal wees;

(c) Dat hierdie tarief jaarliks tydens die begrotingsproses hersien word.

7.22 VOORGESTELDE HERAANSOEK OM ONDERVERDELING VAN PLAAS 772 EN KONSOLIDASIE MET PLAAS 770/2 (15/3/6-15) (WYK 7)

Aansoek word gedoen vir die onderverdeling van restant Plaas 772, Afdeling Malmesbury vir die skep van twee gedeeltes, naamlik 'n restant (groot ±85ha) en gedeelte A (groot ±5500m²).

Hierdie aansoek was reeds by twee geleenthede in 2005 en 2013 oorweeg, en telkens aanbeveel vir afkeuring.

Die verslag bevat 'n skrywe ontvang op 26 Maart 2014 waarin die applikant versoek dat die aansoek heroorweeg word, en verskeie redes word aangevoer waarom die aansoek goedgekeur moet word.

BESLUIT

(a) Dat die aansoek vir die onderverdeling van plaas 772, Afdeling Malmesbury, ingevolge Artikel 25(1) van Ordonnansie 15/1985 goedgekeur word soos uiteengesit op die onderverdelingsplan gemerk "C", onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(i) dat die restant van plaas 772 met plaas 770/2 gekonsolideer word;
(ii) dat diagramme van die nuutgeskepte erwe aan Munisipaliteit Swartland voorgelê word;
(iii) dat geen water deur die Munisipaliteit voorsien sal word nie;
(iv) dat die voorwaardes van die Departement van Vervoer en Publieke Werke soos uiteengesit in skrywe RD/W/m2**/M-9977 van 21 Maart 2005 (aanhangsel gemerk "D") nagekom word;
(v) dat die voorwaardes van Eskom soos uiteengesit in hul skrywe gedateer 1 Maart 2005 (aanhangsel gemerk "E") nagekom word;
(vi) dat die voorwaardes van die Departement van Landbou soos uiteengesit in skrywe 01/09235(1) van 28 Junie 2995 (aanhangsel gemerk "B") nagekom word;
(vii) dat, ingevolge artikel 14 van Ordonnansie 15/1985, daar volstaan word met die sonering van beide gedeeltes as landbousone I.

7.23 VOORGESTELDE ONDERVERDELING, HERSONERING, VERGUNNINGSGEBRUIK EN AFWYKING VAN ERWE 5675, 567, 568, 7687, 2596, 541, 5602, 5607 EN RESTANT VAN ERF 3546, MALMESBURY ASOOK SLUITING VAN GEDEELTE VAN ERF 1671, MALMESBURY (15/3/3-8; 15/3/6-8; 15/3/4-8; 15/3/10-8) (WYK 8)

Die aansoek vorm deel van die groter ontwikkelingsvoorstel van die Weskus Kollege Kampus-ontwikkeling in Malmesbury en dien as fase II van die ontwikkeling.

BESLUIT/...

7.23/...

BESLUIT

A Dat die aansoek vir die onderverdeling van erwe 567, 568, 632, 1671 en 2596 geleë te Loedolf- en Kerkstraat, Malmesbury ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985 soos volg goedgekeur word:

- erf 567 (groot 2298m²) in 'n restant (±1501m²) en gedeelte A (±797m²)
- erf 568 (groot 2099m²) in 'n restant (±1370m²) en gedeelte B (±729m²)
- erf 5602 (groot 668m²) in 'n restant (±172m²) en gedeelte C (±496m²)
- erf 532 (groot 2098m²) in 'n restant (±1176m²) en gedeelte D (±922m²)
- erf 1671 (groot 20385m²) in 'n restant (±17351m²) en gedeelte E (±3034m²)
- erf 2596 (groot 5212m²) in 'n restant (±227m²) en gedeelte F (±4985m²);

B Dat die aansoek vir die hersonering van die betrokke gedeeltes ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word soos volg:

- gedeeltes A en B vanaf algemene woonsone na gemeenskapsone 1
- gedeeltes C en D vanaf openbare pad na gemeenskapsone 1
- gedeelte E vanaf openbare oopruimte na gemeenskapsone 1
- gedeelte F vanaf ligte nywerheidsone na gemeenskapsone 1

Die volgende gebruike word akkommodeer as deel van die plek van onderrig:

- konsolideerde gedeeltes A, B en erf 5675 – hotelskool
- konsolideerde gedeeltes C en D – parkering vir studente en besoekers
- konsolideerde gedeelte E, F en erwe 541, 5607, 3546 en 7687 – administratiewe kantore, klas- en rekenaarkamers, saal, studentesentrum, koshuise, personeel akkommodasie en konferensie- en gastehuisfasiliteit en restaurant;

C Dat die aansoek vir afwykings van boulyne op die betrokke gedeeltes ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 soos volg goedgekeur word:

- 5m straatboulyn (Loedolfstraat) na 0m (konsolideerde gedeeltes A, B en erf 5675)
- 5m syboulyn (Loedolf- en Kerkstraat) na 0m (konsolideerde gedeeltes E, F en erwe 541, 5607, 3546 en 7687);

D Dat die sluiting van 'n gedeelte oopruimte (erf 1671 groot ±3034m²) ingevolge artikel 137(2) van Ordonnansie 20 van 1974 goedgekeur word;

E **Dat punte A, B, C en D onderhewig is aan die volgende voorwaardes:**

E1 **STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER**

(a) dat die volgende eiendomme aangebied word vir konsolidasie:
- gedeeltes A, B en erf 5675
- gedeeltes C en D
- gedeelte E, F en erwe 541, 5607, 5610, 3546;

(b) dat bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;

(c) dat die voorgestelde geboue argitektonies harmoniseer met die omliggende omgewing en sodoende die historiese kern van Malmesbury versterk;

(d) dat alle administratiewe aksies rakende die sluiting van die oopruimte en paaie afgehandel word;

(e) dat ten minste 132 op-perseel/aanstraat parkeerplekke soos voorgehou in hierdie aansoek voorsien word;

(f) dat die op-perseel/aanstraat parkeerplekke van 'n permanente stofvrye oppervlakte hetsy teer, beton of plaveisel of 'n materiaal vooraf goedgekeur deur Swartland Munisipaliteit voorsien word en dat die parkeerplekke duidelik gemerk word;

7.23/...

E2 WATER

(a) dat die eienaar/ontwikkelaar ‘n ingenieur toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 aanstel vir die ontwerp van die interne waterverspreidingsnetwerk en die aansluiting by die munisipale netwerk. Die ontwerpe moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir goedkeuring voorgelê word waarna die dienste aangebring moet word onder die toesig van die ingenieur;

E3 RIOOL

(a) dat die eienaar/ontwikkelaar ‘n ingenieur toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 aanstel vir die ontwerp van die interne rioolnetwerk en die aansluiting by die munisipale netwerk moet deur ‘n ingenieur ontwerp word. Die ontwerpe moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir goedkeuring voorgelê word waarna die dienste aangebring moet word onder die toesig van die ingenieur;

E4 STRATE EN STORMWATER

(a) dat as deel van die voltooing van Fase II moet die ontwikkelaar die volgende doen:
- Voorsien twee verhewe voetoorgange in Kerkstraat
- Voorsien die verhewe platvorm in Loedolfstraat
- Toegang tot die parkeerarea in Loedolfstraat moet toeganklik vir die publiek wees om te verseker dat die voertuie kan omdraai en terugkeer na Voortrekkerweg as die omdraai beweging nie moontlik is binne die padreserwe nie
- Voorsien voetganger sypaadjies langs die voorkant van die Kollege in Loedolf- en Kerkstraat;

(b) dat die bogenoemde by punt E4(a), asook die interne parkeerareas en ingange deur ‘n ingenieur toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000, ontwerp moet word. Die ontwerpe moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir goedkeuring voorgelê word waarna die dienste onder die toesig van die ingenieur aangebring moet word;

(c) dat hierdie kommentaar saamgelees moet word met die goedkeuringsvoorwaardes ten opsigte van die vervoeraspekte vir fase 1 van hierdie ontwikkeling;

(d) dat daar eers aan die fase 1 voorwaardes uitvoering gegee moet word voordat daar met fase 2 van die ontwikkeling ‘n aanvang geneem kan word;

(e) dat stormwater vanaf die ontwikkeling sodanig gevoer moet word tot die naaste geskikte versamelpunt sodat bestaande stelsels nie oorlaai word nie;

(f) dat die stormwaterstelsel deur ‘n ingenieur, toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000, ontwerp moet word. Die ontwerpe moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir goedkeuring voorgelê word waarna die dienste aangebring moet word onder die toesig van die ingenieur;

E5 VULLISVERWYDERING

(a) dat die basiese vullisverwyderingstarief gehef word wat aangepas sal word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;

(b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie op die oggend van verwydering geplaas word;

E6 ELEKTRISITEIT

(a) dat die eienaar/ontwikkelaar en sy aangestelde raadgewende ingenieur vroegtydig die elektriese aanvraag en voorlopige ontwerp aan die Direkteur Elektriese Dienste van Swartland Munisipaliteit moet voorlê.

E7 LANDSKAPERING

(a) dat ‘n totale landskaperingsplan (met inbegrip van Loedolfstraat) saamgestel word en aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste vir goedkeuring voorgelê word;

(b) dat die landskapering aangebring word soos geboue binne die ontwikkeling voltooi word;

7.23/...

E8 ALGEMEEN

(a) dat kapitaalbydraes vir die voorgestelde ontwikkeling bereken word;
(b) dat indien dit nodig sou wees om enige bestaande dienste op te gradeer ten einde die ontwikkelings van dienste te voorsien, sal dit vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar sal wees.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER